
# Baken in Suidwes



## ANGOLA-BOERE SE STRYD BELOON

'n Sketsplan van die sierlike moderne kerkgebou wat binnekort op die dorp Gobabis in Suidwes sal verrys. Dis die kerkgebou van die Gereformeerde gemeente aldaar. Die hoeksteen sal op 29 Julie 1950 deur prof. Snyman, van Potchefstroom, gelê word. Die argitekte is Gerhard Moerdyk en Watson. Die oprigting van die kerkgebou is van besondere betekenis omdat die hele gemeente met uitsondering van vyf lidmate Angola-boere is. Die kerk sal 600 sitplekke hê. Opspraak is sowat 22 jaar gelede gewek, toe die Angola-boere deur bemoeiing van wyle genl. Hertzog teruggebring is. Vandag is hulle van die vooraanstaande boere in Suidwes. Hulle is 'n welvarende gemeenskap wat veral bees- en melkboerdery beoefen. Op Gobabis staan ook dan die tweede grootste romery in Suidelike Afrika. Die kerk is 'n verdere baken op die pad van vooruitgang van die Afrikaners in Suidwes-Afrika. Mnr. Piet J. van der Merwe is sekretaris van die boukommissie en mnr. Harry Chapman is een van die lidmate wat hom by uitnemendheid vir die kerk beywer het. Die kerk word volgens 'n oorspronklike ontwerp en spesiaal met die oog op klimaatstoestande aldaar gebou.